Ope brief aan president Jacob Zuma

Geagte mnr. Zuma

Ons skryf aan u as bekommerde Suid-Afrikaners. Misdaad in Suid-Afrika is besig om hand uit te ruk. Tienduisende Suid-Afrikaners beleef pyn as gevolg van misdaad. Sommiges is bevrees, kindertjies weier om in hulle eie bedjies te slaap omdat hulle bang is en ander dreig om reg in eie hande te neem.

Ons het geluister na u 2010-staatsrede en dit het opgeval hoe min tyd aan misdaad spandeer is. Solidariteit het Suid-Afrikaners gevra om repliek te lewer op u staatsrede deur briewe aan u te stuur. Ons was totaal verras en selfs geskok om te sien hoe groot die mense se frustrasie met misdaad is.

'n Rekordgetal van 23 000 briewe is binne bietjie meer as een dag gestuur. Dit is 'n noodkreet van Suid-Afrikaners. Hierdie veldtog ontken nie dit wat die regering reeds aan misdaad gedoen het nie, maar erken die mense se gevoel dat misdaad nog buite beheer is. Mense vra, soos goeie demokrate moet doen: Asseblief, regering, doen nog meer; ons voel ons is in 'n staat van beleg. Verklaar 'n meer aggressiewe oorlog teen misdadigers.

Hierdie veldtog is 'n manier op 'n konstruktiewe wyse uiting te gee aan frustrasies. Ons het 'n konstruktiewe kanaal tussen gewone Suid-Afrikaners en die regering geskep. Solidariteit het immers 'n geskiedenis van konstruktiewe betrokkenheid.

Ons neem aktief deel in die vorming van die demokrasie, maar altyd met die doel om die demokratiese omgewing waarbinne ons mense leef te versterk.

Meneer die President, om ons konstruktiewe betrokkenheid te bevestig onderneem ons om gemeenskappe te mobiliseer om, soos u in u staatsrede versoek het, meer aktief deel te neem aan gemeenskapspolisiëringforums en gemeenskapsbeveiligingsprogramme in noue samewerking met die polisie.

U het die Presidensie betree met 'n beeld van 'n leier wat luister.

Die misdaadbriewe was van mense wat hulle pyn met u wou deel. Ouers wie se seun vermoor is, het vir u geskryf. 'n Vrou wie se man na 37 jaar se getroude lewe vermoor is, deel met u haar hartseer. Ouers deel die vrese van kindertjies met u en Suid-Afrikaners in die buiteland sê hulle wil terugkeer. Suid-Afrikaners het dus hulle emosie aan u geopenbaar en gevra: Geagte President, help ons.

Die Presidensie het geweier om die briewe te ontvang. Die boodskap wat die Suid-Afrikaners ontvang het, is dat die president nie na hulle hartseer wil luister nie. U woordvoerder het die hartseer van die mense as 'n publisiteitsfoefie afgemaak. Die 23 00 briewe wat ons aan u wou oorhandig, was van regte mense, met regte emosies en opregte kommer. Talle van die briewe het mense se lojaliteit aan Suid-Afrika bevestig. Dit was dus 'n positiewe aksie deur positiewe Suid-Afrikaners.

U woordvoerder het gesê dat ons eers met die Minister van Polisie moes praat. Die Ministerie van Polisie het egter in 'n beledigende verklaring ook gesê dat die hartseer van gewone mense 'n publisiteitsfoefie is.

Meneer die President, die Suid-Afrikaners wou met u praat. Hulle het repliek op u toespraak gelewer. Hulle wou praat met die president wat toeganklik was vir mense. Die kanaal wat hulle gebruik het, is u blitslyn. U het hulle uitgenooi u blitslyn te skakel met enige klagtes.

U woordvoerder was bewus van die aksie. Ons het die dag voor die aksie self met hom gepraat. Ons het daarna met die Presidensie bevestig en hulle het ingestem om die briewe te ontvang. U Pretoria-kantoor het ons deurgeskakel na die persoon in Kaapstad wat die briewe sou ontvang. By die Parlement het die Presidensie gesê ons Tuynhuis moes gaan. Daar is ons ook met aggressie ontvang en is ons verskeie kere deur die polisie gedreig.

Meneer die President, ons het u gemis – die toeganklike meneer Zuma wat altyd geluister het, was weg. U was op die tydstip toe ons voor Tuynhuis gestaan het, in Tuynhuis, maar u was weg. Ons is gekonfronteer met ’n koue Presidensie, ontoeganklik en aggressief.

Die teleurstelling onder die deelnemers aan die veldtog was ongelooflik, maar dit was ook ’n aanduiding van hul vasberadenheid. Die boodskap was eenparig: Gaan voort met die veldtog.

Mnr. Zuma, ons gaan voort met die veldtog om briewe aan u te stuur. Ons glo dat mense met die president moet praat. Ons glo dit is ons plig om die regering in voeling te hou met die emosie van mense.

Intussen het die getal briewe aan u gegroei tot 40 000. Dit is waarskynlik ’n Suid-Afrikaanse rekord van mense wat oor ’n spesifieke kwessie aan die regering geskryf het.

Mnr. Zuma, die mense wil praat oor hulle probleme. Hulle eerste prys is om met die regering te praat. Hulle gaan egter nie stilbly nie. Ons het besluit om ’n ander kanaal te skep om mense te laat praat en het hulle stories op die videowebwerf YouTube bekendgestel.

Mnr. Zuma, ons wil graag mense se frustrasies konstruktief kanaliseer. Hierdie veldtog is ’n positiewe veldtog om Suid-Afrika ’n beter plek vir almal te maak.

Met dank

Dirk Hermann

Adjunk uitvoerende hoof van Solidariteit en koördineerder van die veldtog